

Wat is 'n Christen?

'n Boom word geken aan die vrugte, nie aan die juwele of kleredrag nie!

Die meeste Suid-Afrikaners maak daarop aanspraak dat hulle 'Christene' is - tog het hulle nooit regtig hulle lewens aan Jesus Christus oorgegee nie. Wat is die Bybelse kriteria?

—deur Dr. Peter Hammond

Baie van die kritiek en die teenstand waaraan Christene blootgestel word, is die gevolg van onkunde en misverstand t.o.v. wat 'n Christen werklik is. Reg van die begin af is daar vals beskuldigings teen die Christene in die Romeinse Ryk ingebring. Christene is van kannibalisme beskuldig!

"Julle Christene eet die vleis en drink die bloed van mense tydens julle seremonies!" En dit omdat die Nagmaal simbolies verwys na die eet van Sy Liggaam en die drink van Sy Bloed. Sekere Romeine het dit egter aangegryp en uit onkunde of kwaadwilligheid die gerug dat Christene by kannibalisme en menslike offerande betrokke is, versprei.

WANPERSEPSIE

Christene is ook van bloedskande beskuldig! "Julle Christene trou dan met julle broers en susters!" Omdat Christene na almal binne die Kerk as 'broers en susters' verwys, verstaan buitestaanders hierdie geestelike broederskap baie maklik verkeerd en beskuldig Christene dan daarvan dat hulle met familie trou.

Dit mag jou dalk verras, maar gedurende die eerste drie eeue na Christus is die Christelike Kerk selfs van Ateïsme beskuldig! Omdat Christene geweier het om voor die gode van Rome te buig en hulle te aanbid, is hulle as 'ateïste' uitgekryt.

HISTORIESE FEITE

Christene is ook daarvan beskuldig dat hulle geen patriotisme gehad het nie en dat hulle aan verraad skuldig was! Christene het geweier om die keiser te aanbid en is dus as 'verraaiers' uitgekryt. Let daarop dat die vroeë Christene nie vervolg is omdat hulle Jesus as Heer aanbid het nie. Die Romeine was politeïste – hulle het in vele gode geglo en het geensins omgegee watter god aanbid is nie. Die 'sonde' van die vroeë Kerk was dat hulle geweier het om die Staat te aanbid. Prediking teen sonde is dikwels as anti-sosiale gedrag beskou.

Deur hul onwrikbare veldtog vir die beëindiging van slawehandel en slawerny as sulks, is Christene as baie radikaal en 'n bedreiging vir die sosiale orde beskou. Met die aanvang van die groot Evangeliese Ontwaking en die Herlewings, is kroeë en bordele gesluit en diegene wat hulle bestaan uit die uitlokking van armes gemaak het, het 'n dramatiese 'afname' in sake ervaar. Deesdae ervaar Christene dieselfde mate van teenstand juis omdat hulle kapsie maak teen pornografie, perversie en aborsie.

> *"Jesus het geantwoord: 'Ek verseker jou, as iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nimmer as te nooit in die Koninkryk van God ingaan nie."* Joh 3:5

GROOT ONKUNDIGHEID

Daar is egter ook, behalwe die verdraaiings oor wat Christene is en doen, 'n baie groot mate van onkundigheid oor wat 'n Christen werklik is. Dit is te verstane dat mense teen die oordadigheid van sommige hoë-profiel-Christene soos byvoorbeeld sommige tele-evangeliste, in opstand sal kom.

Alle Christene het 'n afkeer aan skynheiligheid en skandale. Jesus Christus het egter gesê: *"Nie almal wat ewe vroom vir My 'Here, Here' sê, sal in God se Koninkryk ingaan nie. Wat sal deurslag gee, is of hulle aan My Hemelse Vader gehoorsaam was."* Matt 7:21. Christenskap gaan oor Christus. Dit gaan nie oor nominale Christene, predikante of denominasies nie. Kultusse verafgod leiers. Godsdienste volg rituele. Maar ware Christene het 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus as Heer en Redder.

"As julle my volgelinge wil wees, moet julle jul eie, selfsugtige ambisie prysgee, julle kruis opneem en agter My aankom." Matt 16:24. Die woordeboek (Webster) onderskei tussen nominale Christene en ware Christene. 'n Nominale Christen word gedefinieer as "iemand wat glo in die godsdiens van Christus," terwyl "n ware Christen' 'n ware volgeling van Christus is en in die waarheid van die Christelike godsdiens glo, streef na die navolging van Jesus as voorbeeld en die opdragte van Jesus gehoorsaam."

VOLGELINGE VAN JESUS

Die woord 'Christen' verskyn slegs twee keer in die Bybel – in Handelinge word Christene dikwels beskryf as 'Dissipels', 'Gelowiges' en 'Navolgers van Christus'. Baie mense wat vandag daarop aanspraak maak om Christene te wees of wat deur die samelewing as Christene beskou word, kan nie as 'Dissipels' of 'Navolgers van Christus' beskou word nie omdat hulle nie Sy dissipline aanvaar, nie Sy voorbeeld navolg of Sy opdragte gehoorsaam nie. Baie van die vooraanstaande teoloë kwalifiseer ook nie as ware Christene nie. Indien hulle die betroubaarheid van »

Wat is 'n Christen?

"As jy My dissipel wil wees, moet jy My liewer hê as jou eie pa en ma, vrou, kinders, broers en susters – ja, meer as jou eie lewe. Anders kan jy nie My dissipel wees nie." Luk 14:26

5 TIPES 'CHRISTENE'

Aktiewe Christene:
- Glo in Redding
- Toegewyde kerkgangers
- Bybellesers
- Deel hul geloof met ander

Belydende Christene:
- Glo in Redding
- Minder by die kerk betrokke
- Lees minder Bybel
- Deel baie min hul geloof met ander

Liturgiese Christene:
- Hou vas aan 'n denominasie
- Gereelde kerkgangers
- Spirituele aktiwiteite deur diens in kerk/gemeenskap
- Beperkte kennis en toepassing van die Bybel

Private Christene:
- Glo in God en goeie dade
- Eie Bybel, maar lees dit nie
- Geestelik-geïnteresseerd, maar nie in kerkverband nie
- Slegs 1/3 woon kerk by
- Feitlik niemand is kerkleiers nie

Kulturele Christene:
- Beperkte godsdienstige gedrag
- Godbewus, maar geen persoonlike verhouding met Hom nie
- Beskou Jesus nie as noodsaaklik vir redding nie
- Hulle erken baie weë na God toe

Bevindings van 'n opname deur Leadership Magazine en Christianity Today Magazine (2008).

die Woord betwyfel, nie die Godheid van Christus of die Drie-Eenheid aanvaar nie en die bestaan van God betwyfel, kan hulle baie beslis nie 'Gelowiges' of 'Navolgers van Christus' genoem word nie. Wat leer die Bybel ons omtrent ware Christenskap? Die houding en optrede wat Christene behoort te kenmerk, word baie duidelik in die Skrif uitgespel.

'N CHRISTEN IS 'N DISSIPEL

'n Dissipel is iemand wat alles prysgee, homself verloën, sy kruis opneem en Jesus se voorbeeld navolg. Hulle word gekenmerk deur hul toewyding aan die Woord van God asook liefde vir God se kinders. *"Jy kan nie My dissipel wees as jy nie jou eie kruis dra en My volg nie."* Luk 14:27.

'N CHRISTEN IS VRY

Die Woord van God is die Waarheid en maak ons vry. 'n Christen buig voor die Woord van God en ontvang die vryheid wat slegs in en deur Jesus Christus beskikbaar is. Miljoene Christene wêreldwyd kan getuig van hoe Jesus Christus hulle vrygemaak het van verslawing aan rook, drank, dobbelary en dwelms en emosies soos haat, bitterheid, onvergewensgesindheid en minderwaardigheid.

As 'n bekeerde slawehandelaar het John Newton sy bekende lied 'Amazing Grace!' geskryf. "I once was lost, but now I'm found... and Grace will lead me home." Christene is vrygemaak van die sondelas en satan. Ons is vrygemaak om God te dien. *"Christus het ons bevry sodat ons nou in vryheid kan lewe."* Gal 5:1.

'N CHRISTEN IS 'N DIENAAR

Jesus het verklaar dat Hy gekom het om te dien en ons behoort sy voorbeeld na te volg en behoort bowenal gemoeid te wees met die behoeftes van ander. *"Kinders, laat ons nie liefhê met woorde of gepratery nie, maar eerder deur ons optrede en met opregte bedoelinge."* 1 Joh 3:18.

'N CHRISTEN IS 'N ATLEET

Ons moet onsself oefen om 'n Goddelike lewe te leef deur Geestelike oefening te doen. Ons moet onsself van onnodige laste bevry; alle sonde afskud en die wedloop met vasbeslotenheid en deursettingsvermoë hardloop. *"Hardloop só dat julle die prys sal ontvang... 'n ewige prys."* 1 Kor 9:24-25.

'N CHRISTEN IS 'N WERKER

As Sy kinders en volgelinge, behoort ons altyd ons werk na die beste van ons vermoë te doen en in liefde op te tree. 1 Kor 15:58 stel dit baie duidelik: *"Gee altyd julle allerbeste vir die Here se werk, want julle weet voor die Here is alles wat julle doen, die moeite werd."*

'N CHRISTEN IS 'N SOLDAAT

Ons is in 'n geestelike oorlog betrokke en ons behoort die oorlog te wen. Ons behoort gedissiplineerd, gemotiveerd, gehoorsaam, voorbereid en wakker te wees – gereed om die Swaard van die Gees, die Woord van God, te gebruik. Ons moet die bose beveg, weerstaan, bind en die oorwinning van die Kruis van Jesus Christus afdwing. Ons moet die vestings van die vyand aanval, die poorte van die hel bestorm, gevangenes vrystel en oorwin in Jesus se Naam. *"Tog is ons ten spyte van al hierdie dinge besig om 'n super oorwinning te behaal – oorwinnaars deur Christus wat Sy liefde so duidelik aan ons bewys het."* Rom 8:37.

CHRISTENE GEROEP OM DIE LIG IN DIE WÊRELD TE WEES

Soos wat Jesus die Lig van die wêreld is, behoort Christene Christus se Lig in hierdie donker wêreld uit te straal. *"Dit is juis hierin dat My Vader verheerlik word, dat julle baie vrugte oplewer en My dissipels is."* Joh 15:8. Al hierdie beelde uit die Skrif maak dit baie duidelik dat die moderne beeld of idee van Christene uiters ontoereikend is.

Die oppervlakkige, eendimensionele konsep van 'Maak net die deur van jou hart oop', klink uiters halfhartig, 'kerkagtig', louwarm en pateties. Enige Bybelse definisie van 'n Christen sluit die volgende aksiewoorde in: toewyding, deursettingsvermoë, volharding, opoffering en diens. *"Wie nie aan My kant is nie, is teen My. En elkeen wat nie saam met My bymekaarmaak nie, jaag mense uitmekaar."* Matt 12:30.

TWEE KEUSES

'n Christen is weergebore deur die krag van die Heilige Gees en het 'n ware verhouding met Jesus Christus. 'n Christen het die Here Sy God met sy hele hart, siel en verstand en alles wat in hom is, lief. Jesus Self het dit duidelik gemaak dat daar twee paaie is – die breë en die smal pad. Daar is ook twee poorte: breed en smal.

Daar is twee soorte bome – die slegte en die goeie. Die slegte boom dra slegte vrugte soos trots, hebsug, wellus, jaloesie, bitterheid en haat en die goeie boom dra goeie vrugte: liefde, vreugde, vrede, geduld, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing (Gal 5:19-23).

CHRISTENE WORD NIE SÓ GEBORE NIE

"As julle nie die Here wil aanbid nie, moet julle vandag vir julleself besluit wie julle dan aanbid. Is dit die gode wat julle voorvaders anderkant die Eufraat gedien het, of is dit die gode van die Amoriete in wie se land julle nou woon? Ek en my huishouding sal die Here aanbid." Jos 24:15.

'n Christen is nie iemand wat net oor God praat of 'n kruisie om die nek dra nie. Jy word nie as Christen gebore nie. Jy kan ook nie sê dat jy Hom volg sonder om oor te gee aan Sy Seun, Jesus Christus, nie. ■

DR. PETER HAMMOND *is 'n sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, of besoek gerus www.frontline.org.za of skakel 021 689 4480.*